| 15 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 17 AUGUSTUS SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Hannes van Wyk | Ds. Heinrich Carstens |
| 2 Kor 5:14 | Heb 11:29 & 12:3 | Heb 12:1-3 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk







## Hangklipkerk

## Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir ons gemeente se Getuienisaksie. Op 24 Augustus is dit vir **Bybelgenootskap**.




Deuroffers op Sondag 24 Augustus is vir

**bybelgenootskap** van suid-afrika

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 18 Augustus** | ***16:30*** | *GriefShare*-kursus (Kapel) |
| **Dinsdag 19 Augustus** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***15:00*** | HK3 Wyksbyeenkoms (Irislaan 3) |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:00*** | Finansies (TYD) |
| **Woensdag 20 Augustus** | ***09:00*** | Kerkraadsvergadering (TYD) |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Rusplek Erediens (Kapel) |
| | ***18:00*** | Dissipelskap Reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 21 Augustus** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 22 Augustus** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |




## Lief en leed...

Ons dank die Here vir Elmarie Hofmeyr wat aangemeld het as sekretaresse vir die Eko-bestuurspan.

***Ons meegevoel aan...***

Deon & Hanlie van der Merwe (Bb2) met die afsterwe van sy broer.
Arina Oosthuizen (KB2)met die afsterwe van haar man, Louwrens.
Maxie Steyn (Sa4) met die afsterwe van haar man Koos.

# Wat gebeur die week...



## Die Finansiële Kommissie

werk hard daaraan om die gemeente se geldsake goed te bestuur. Daarom vergader hulle weer eerskomende Dinsdag om 17:00 in die TYD-Kuierruimte by Kleinmondkerk

## Kerkraadsvergadering

Woensdag 20 Augustus om 09:00 (TYD-kuierruimte)



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

*ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA*

# Belangrike Datums






# VERKOSE OUDERLINGE

Die Kleinmondkerk Wyksraad het tydens die vergadering van 30 Julie 2025 die volgende lidmate amptelik verkies tot wyksouderlinge. Volgens die Reglement van Orde word hierdie lidmate se name dan nou aan die gemeente voorgehou vir approbasie, waarna hulle in hulle amp as wyksouderling bevestig sal word.

1. Beichter Leon Johan – PM5
2. Bezuidenhout Albertus Thomas – PM1
3. De Klerk Johanna Christina Elizabeth – KP2
4. Erasmus Tino Gordon – Sa2
5. Fourie Johan Frederick – Ba1b
6. Groenewald Lucas Martinus – Bb1
7. Human Susan Cathrine – Sb1
8. Kotze Willem Adriaan – Sa4
9. Lamprecht Jacobus Johannes – Ba2
10. Scheepers Maryna – Sb3
11. Viljoen Neil – KB4

**DANKIE VIR JOU DIENSBAARHEID IN GOD SE KONINKRYK HIER IN DIE NG GEMEENTE KOGELBERG**

NG GEMEENTE KOGELBERG

# DIENSWERKERS

Die volgende lidmate sal ook voortaan as dienswerkers in hulle onderskeie wyke behulpsaam wees met die bediening van die gemeente:

1. Amanda Fourie - Ba1b
2. Liana Lamprecht - Ba2
3. Bettie Snyman - KP1
4. Inette Cloete - KP2
5. Brenda Ferreira - KP3
6. Grieta Swart - KP2
7. Sarie Irish - KP2
8. Tilla Mouton - PM1
9. Lida Louw - PM4
10. Kobus Rossouw - Sa1
11. Carlo van Rensburg - Sa2
12. Elizma van Rensburg - Sa2
13. Ferdi Colyn - Sc1
14. Jaco Leuvennink - Sc1

**DANKIE VIR JOU DIENSBAARHEID IN GOD SE KONINKRYK HIER IN DIE NG GEMEENTE KOGELBERG**

# Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Tino Gordon en Annette Erasmus***
*van Ladismith (Sa2)*

*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*

## Ons soek asseblief bekostigbare vakansieverblyf

Makwe MISSION Quionga

vir Andre en Anna-Marie Thiart en hulle twee volwasse kinders vanaf 22 Desember 2025 tot 12 Januarie 2026.



Andre en Anna-Marie is sendelinge in Mosambiek by Makwe Mission in Quionga en word ondersteun deur Getuienisaksie van Kaapkerk.

Indien jy dalk kan help, skakel asseblief vir ds Heinrich by 083 566 1490.

# UITNODIGING: GETUIENIS-SONDAG
# 17 AUGUSTUS, HANGKLIPKERK



Eerskomende Sondag is die tweede Getuienis-Sondag van hierdie jaar. En dit is Hangklipkerk se beurt om die erediens aan getuienis en die sendelinge van ons gemeente te wy.

Hierdie keer is **Patrick Vuthel**a van die Paarl die sendeling wat sy werk met ons gemeente gaan kom deel. Hy is saam met **ds Theuns Henn** deel van Ebenezer Theological Seminary se opleiding van pastore en kerkleiers oral in ons land.

Patrick en sy vrou, Nwabisa, werk op enkele terreine saam om die gemeenskap – en ook 'n groep jong vroue – in Mbekweni-woonbuurt (Paarl) te dien. Patrick is besig met kerkplanting in hierdie woonbuurt en kan met ons gemeente ervaring en insigte deel wat ons kan toerus om te besin oor die behoeftes in woonbuurte soos Overhills, Mooiuitsig en ander buurte in Kleinmond.

Na die oggenddiens om 9:00 word saam tee gedrink soos die gebruik is, en daarna kan Patrick verder vertel van sy werk namens Ebenezer, asook sy diens aan jongmense en gevangenes in die Drakenstein-gevangenis naby die Paarl.

Almal wat gevra het om deel te wees van die ligte ete wat daarná voorgesit word, word herinner om asb. net eie drinkgoed saam te bring. Die getuienisaksie wil graag alle gemeentelede met 'n sendingroeping en 'n hart vir die talle onbereikte mense in ons land, **hartlik uitnooi om asb. te kom luister,** vrae te vra en te leer.

**VAKATURE**

**KOSTER VIR DIE HANGKLIP GEMEENTE**

**(GELEË TE PILLANSIAWEG, BETTYSBAAI) VAN DIE NGK KOGELBERG**

Aansoeke vanaf geskikte kandidate (manlik of vroulik) vir die **pos van koster vir die Hangklipkerk** word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

**Sluitingsdatum** vir aansoeke: ***5 September 2025 om 12:00***. Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za

**Diensvoordele sluit in:**

- ʼn Totale Koste vir Indiensnemingpakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike evaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.
- Die pligte sal onder andere die volgende insluit:
- Dit sal van die koster verwag word om 9 vasgestelde ure en 7 uur fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die koster sal aan die Eiendomskommissie en die Hangklip Wykskerkraad van die gemeente rapporteer.
- Gereedmaak van die gemeentesentrum vir eredienste.
- Reëlings en ondersteuning ten opsigte van funksies, troues en begrafnisse.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- ʼn Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.
- Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:
- Basiese tegniese vaardighede om klein noodherstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en minstens ʼn kode 10 bestuurderslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die Hangklipstreek gegee word. **Diensaanvaarding: 1 Oktober 2025.**



# Ou onthou

Ek het onlangs uiteindelik daarby uitgekom om al my ou preke weg te gooi. Ek het dit eers getel – sommer net vir die aardigheid. Van die manuskripte het ook al geel geword, soos witwyn wat té lank gehou is. Die ou wyn kan nie sommer net in nuwe sakke oorgegooi word nie.  Die smaak van die preke sal ook nie meer vandag pas nie. En tog is daar iets kosbaar in die hoop preke. Maar wat presies is kosbaar?

Die hoop preke was eintlik hoop-preke! Dis gedagtes en woorde wat geuiter is met hoop. Met die hoop dat mense dit reg sal hoor. Veral ook met die hoop dat die Here self dit sou aanwend tot voordeel van die gelowiges wat daarna kon luister.

Was die preke saad wat op goeie grond geval het? Was dit goeie saad? Ek dink dit was eerlik die beste saad wat ek gehad het om te gebruik.Hoeveel oes het dit opgelewer? Ek kan dit nie weet of meet nie. Hier en daar is ek dankbaar dat ek tog vrug daarop gesien het : mense wie se lewe deur die Here self verryk is.

Wat ek wel weet én kan meet, is die effek wat dit op myself gehad het om as mondstuk van die Here te kon optree. Die waarde van 'n preek wat op die kansel "gebeur", was vir my as prediker baie meer as vir die hoorders. Ek was saam met die Here betrokke in 'n seënende oomblik. Dit verruil ek vir niks in die wêreld nie!

Die tel van die ou preke en die ou onthou, het 'n onverwagse emosie by my wakker gemaak. Ek het op my eerste intreepreek afgekom. Ook op die preek by die doop van ons eerste kind.  Tussenin was daar 2157 soortgelyke geleenthede deur die 40 werkende jare ...Alles genade.

Ek kan omtrent geeneen van die preke se inhoud meer onthou nie. Onthou jy enige vorige preke? Dis nie juis nodig nie. By die aanhoor daarvan was die Here met vorming aan ons besig.

En dit kan jy vandag nog sien!




Groetnis,

Ou-dominee Jannie.

# Maak 'n nota...


Kleingroepe
Seker almal wat al deel van 'n kleingroep was/is sal kan getuig van die waarde daarvan. Ons gemeente is geseën met 'n hele aantal Bybelstudie-, sel-, omgee-, vroue- en mannegroepe. Wil jy ook deel word van hierdie seën? WhatsApp dan jou naam aan Joanne Momsen by 082 797 8622. Ons gaan probeer om jou by 'n groep in te deel. Groepe wat plek het vir nuwe lede , kan haar ook laat weet.
Nuwe intrekkers gaan by die Nuwe Intrekkersete die geleentheid kry om hul name op te gee.


Ou batterye
EKO-BEDIENING
Die Eko-bediening wil ons gemeente net weer daaraan herinner dat ou batterye ook by die Kleinmond Biblioteek in 'n houer gegooi kan word.


Dankofferbydraes
Merk asseblief jou dankofferbydrae met
HK vir Hangklipstreek
of
KM vir Kleinmondstreek

## Kleinmond

# Vrouebybelstudie

### Dinsdag 19 Augustus

Bb1-4 - **15:00** - 10de Straat 34 - Bessie vd Walt

### Maandag 25 Augustus

Sc3 - **15:00** - Comine Conradie

### Dinsdag 26 Augustus

Kogelpark - **10:00** - Biblioteeksaal

Sb4 - **10:15** - Kapel - 4de Laan 67

Sa 3 & 4 - **13:00** - 1ste Laan 111 - Joan Marnewick

KB 6 - **15:00** - Fynbospark Kuierkamer

### Woensdag 27 Augustus

HK 1 & 2 - 09:30 - Kapel - 4de Laan 67

Ba 1 tot 3 - **10:00** - 7de Straat 57 - Ita le Roux

HK 3 - **10:00** - Irislaan 3 - Elsabé Smit

Sb 1 tot 3 - **15:00** - 3 de Laan 102 - E Bekker

KB 1 tot 5 - **15:00** - Boekenhoutlaan 44 - Marlene Smit

### Woensdag 11 September

PM 1,2, 4 & 5 - **15:00** - Alheitstraat 33 - Daphné Loots

Ons sondes en ons deugde

# Gulsigheid

## 1. Die doodsondes

Pride, Envy, Wrath, Greed, Lust, Gluttony, Sloth
Hoogmoed, naywer/afguns, gramskap/woede, hebsug, wellus, gulsigheid, luiheid

## 2. Wat is gulsigheid of vraatsug?

2.1 ”Daar is geen liefde so opreg soos die liefde vir voedsel nie” - George Bernard Shaw

2.3 Vraatsug of gulsigheid is basies om jou te buite te gaan aan kos en drank. Thomas Aquinas het dit ’n onbeteuelde drang na kos en drank, verby alle perke van redelikheid, genoem. Jou fisieke behoeftes word allesoorheersend. Jesus sê egter in Luk 12:15: wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid.

2.4 Thomas Aquinas het ook gedink daar is verskillende tipes van vraatsug:

- Eet te vinnig en op onvanpaste tye
- Eet te luuks, te ryk, te duur
- Eet te veel
- Eet selfsugtig, weier om te deel
- Eet te kieskeurig (ons noem dit sommer fiemies)

## 3. Dit gaan oor meer as te veel eet

3.1 Lees 1 Kor 6:13. Wat is Paulus se antwoord op die stelling “Kos is vir die maag, en die maag vir kos”? En wat beteken dit?

3.2 Wat dink jy bedoel Paulus as hy in Fil 3:18 sê “die maag is hulle god”?

3.3 In Esegiël 16:49 word Sodom en haar dogter veroordeel. Wat was hulle sonde?

3.4 Is besittings en lekker kos dan sleg? Is genot sonde?

## 4. Die invloed van die verbruikersamelewing

4.1 Ons word toegegooi met advertensies, en alles wat ons sien is beter as die werklikheid. En super-noodsaaklik om ons beter te laat voel. Dink jy ons word beïnvloed deur advertensies wat ons sien en lees?

4.2 Baie mense leef met ’n drang om gelukkig te wees. Kan jy dink aan plekke waar mense geluk soek?

4.3 Waarom dink jy word hierdie drang “onversadigbaar” genoem?

## 5. Materialisme en kapitalisme

5.1 'n Verdere aspek van vraatsug en gulsigheid is die wêreld waarin ons leef, 'n wêreld waar die soeke na mag, roem en rykdom (alles tydelike dinge) al meer aanvaarbaar en "goed" word. Waar sien 'n mens dit oral?

5.2 Ons leef in 'n wêreld van toenemende hongersnood en gebrek aan hulpbronne en, aan die ander kant, grootskaalse vermorsing van kos. Stem jy saam? Kan jy voorbeelde noem? Waarom is dit so, dink jy?

5.3 Ons moet ook na onsself kyk, ons wat liewers goed wil vervang as regmaak, wat so maklik weggooi en vervang. Hoe kan ons beter doen?

5.4 Wat is 'n regverdige loon? Buit ons ons werkers uit?

## 6. Wat is dan die antwoord?

6.1 Vir Paulus was dit 'n uitgemaakte saak. Wat sê hy in 1 Kor 6:12, 1 Kor 9:27 en 2 Kor 10:5?

6.2 Waar begin ons? Wat het Jesus ons geleer in Matt 22:37?

6.3 Wat leer Paulus ons in die volgende gedeeltes?

- Rom 12:2
- Kol 3:2
- Fil 4:8
- Gal 5:16

6.4 Hoe lyk 'n lewe wat deur die Gees beheer word? Met ons onderwerp in gedagte, kan 1 Tim 6:17 ons goeie raad gee. Hou ook in gedagte dat ons almal eintlik in die boonste 10% is wat rykdom betref.

6.5 Watter goeie lewensreël beveel Paulus aan in 1 Kor10:31?

6.6 Pous Franciskus het Christene gevra om in die Kerstyd weg te doen met ooreet en materialisme en liewer te fokus op die gees van Kersfees: liefde, medemenslikheid, vrygewigheid, dienswerk.Hoe kan ons dit doen?

6.7 Pous Franciskus het ook oor onregverdige ekonomiese praktyke gepraat en voorgestel dat Christene liewer matigheid, selfbeheersing en medemenslikheid beoefen. Wat kan ons hieraan doen? Moet ons iets doen? Of is dit maar hoe die wêreld is?

## 7. Ten slotte

Lees Pred 2: 24-26 en Pred 3:12-13. Wat het die wyse Salomo ontdek?

# BASAAR

NG KOGELBERG BIED AAN

*Lente in Kleinmond*

# SATERDAG

# 20 SEPT

# 09:30 - 12:30

- Pannekoeke
- Boereworsrolle
- Roosterkoeke
- Kerrie & rys
- Basaarpoeding
- Lewerkoekies
- Jaffels
- Groente
- Koektafel
- Teetuin
- Kindertafel
- Koffie

## 4 DE LAAN 67

# KLEINMOND


Kerkkantoorsake en Kommunikasie
NG Kerk Kogelberg
Kwartaalvergadering
Donderdagmiddag 7 Augustus 2025 14h00

















# Verjaarsdae!

## 16 Augustus

Ria de Klerk (BB1c)
Hester Ferreira 079 511 2058 (PM3)
Elizna Hogan 072 824 3079 (Bb1)
Deon Joubert 083 702 0013 (PM3)
Johan Smith 061 484 8624 (Sc4)
Marizelle Strydom 082 553 1719 (Sa1)

## 17 Augustus

Danie de Vaal 083 670 4290 (KB4)
Marianda Jordaan 082 945 2315 (KB5)
Ronel Naudé (PM4)
Jeannette Schoonraad 082 372 8220 (KB4)
Torrie van der Linde 072 456 3703 (Ba3)
Maria van Niekerk 083 518 7001 (BB2)

## 18 Augustus

Piet Burger 073 813 8800 (Sa4)
Pittius Coetzee 072 460 2688 (HK3)
Belinda Heydenrych 082 466 1145 (Ba3)
Wikus Kruger 081 430 9712 (HK3)
Lezette van Jaarsveld 082 398 3446 (PB1)
Cecilia van Zyl 083 653 6574 (HK3)

## 19 Augustus

Bregitte Buys 073 161 3638 (KB2)
Ottolina Fourie 083 452 4122 (KB1)
Illanza Kruger 072 483 2423 (HK3)
Danie van Wyk 079 387 6447 (BB3)
Regardt Venter (Ba1)
Bien Vorster 084 206 5055 (HK3)

## 21 Augustus

Ronel Acker 083 320 6562 (KB6)
Rayno Blomerus 074 023 0000 (KB1)
Nina Bornman 071 382 6340 (BB5)
Le Roux Burrows 082 733 5824 (Sb4)
Carolien Meyer 083 440 3784 (Bb1)
Willem Pretorius 083 383 9358 (BB2)
Malan Stals (RE)

## 21 Augustus

Andrew Atterbury 082 902 1785 (Sc4)
Mariana Smit 082 453 5812 (Ba1)

## 22 Augustus

Olivia Chadinha (Ba2)
Salome de Bruyn 079 434 0229 (PM5)
Sarel Engelbrecht (HK1)
Lize Small 072 490 3875 (HK3)

Gemeenskaps-

# DAGBOEK






# KERKKANTOOR
## ure

| | |
|---|---|
| **MAANDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **DINSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **WOENSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| **DONDERDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **VRYDAG** | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE


***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290




GROEPGESPREKKE | 17 - 23 AUGUSTUS 2025

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Op 20 September vanjaar vind die *OUTLAW160* padwedloop plaas vanaf Groenpunt in Kaapstad deur Stellebosch en Kleinmond tot in Hermanus... 171 km wat spanne van 4-6 aandurf om in aflos te hardloop. Wat sou julle sê van so padwedloop?
    - Het jy al 'n sport of aktiwiteit gedoen waar jy moes aanhou, selfs al was dit moeilik?
    - Deel iets van jou ervaring met die groep.

2. **Ons storie nou...**
    - As jou lewe 'n wedloop was, hoe sou jy dit nou beskryf: maklik, moeilik of net reg?
    - Watter dinge in jou lewe laat jou moed verloor?
    - Is daar iemand wat jou inspireer jou om nie moed op te gee nie?

3. **God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte in Hebreërs 11:29 - 12:3 saam deur. Lees Hebr 12:1-3 in The Message hieronder.
    - 1-3 *Do you see what this means - all these pioneers who blazed the way, all these veterans cheering us on? It means we'd better get on with it. Strip down, start running - and never quit! No extra spiritual fat, no parasitic sins. Keep your eyes on Jesus, who both began and finished this race we're in. Study how he did it. Because he never lost sight of where he was headed - that exhilarating finish in and with God - he could put up with anything along the way: Cross, shame, whatever. And now he's there, in the place of honor, right alongside God. When you find yourselves flagging in your faith, go over that story again, item by item, that long litany of hostility he plowed through. That will shoot adrenaline into your souls!*

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se erediens geraak het.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - In Hebreërs 11:29-38, watter vers of voorbeeld van geloof staan vir jou uit, en hoekom
    - Hoe verbind Hebreërs 12:1 die geloofsvoorbeelde in hoofstuk 11 met ons eie geloofsreis?

- Wat beteken: "laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop" (12:1) vir jou?
    - Hoe kan Jesus se voorbeeld jou help om vol te hou wanneer dinge moeilik is?
    - Wat kan jy doen – volgens die getuies wat in Hebreërs genoem word – as jy regtig glo?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
    - Watter verskil maak dit as jy na Jesus kyk in plaas van na jou probleme?
    - As jy jou oë op Jesus rig in jou huidige uitdagings, wat sou verander in jou houding of keuses?
    - Wat is een ding waarvoor jy hierdie week geloofsmoed nodig het?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 24 Augustus se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 18 Augustus - Hebreërs 11:29 - 12:3
- Dinsdag 19 Augustus - Psalm 103:1-8
- Woensdag 20 Augustus - Jesaja 58:9b-14
- Donderdag 21 Augustus - Lukas 13:10-17
- Vrydag 22 Augustus - Hebreërs 12:4-13
- Saterdag 23 Augustus - Hebreërs 12:14-29